## INLIGTING IN VERBAND MET DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

*Sekretariaat* Dr. P. Venter, die ywerige sekretaris van die Historiese Genootskap, word, saam met mev. Venter, gelukgewens met sy bevordering in die staatsdiens, wat meebring dat hulle voortaan in Pretoria gaan woon. Die Hoofbestuur bedank hulle albei vir hulle onbaatsugtige dienste.

Mnr. Rupert Maree, onderhoof van die Milton School, Vereeniging, neem intussen as sekretaris waar. Sy adres is: Speyreylaan 1, Drie Riviere, Pk. Three Rivers, oor Vereeniging. Telefoon 854-11-1571.

*Natal* Ds. *H.* J. Snyders, voorsitter van die Natalse afdeling, het na Johannesburg vertrek. Ons dank aan hom vir sy ywer in belang van die Historiese Genootskap. Die Natalse Hoofbestuur is tans as volg saamgestel: Voorsitter, prof. G. S. Nienaber; onder-voorsitter, mnr. G. A. Chadwick; sekretaris, mnr. A. P. Venter (Robertsweg 157, Pietermaritzburg) ; lede, ds. A. J. van Wyk, mnr. D. N. J. van Vuuren en mnr. G. Krog. Hierdie bestuur is baie aktief en kom gereeld elke kwartaal bymekaar.

*Kaapprovinsie* Prof. T. N. Hanekom van Stellenbosch, het die hoofbestuursvergadering op 22 September 1962 op Heidelberg, Tvl., bygewoon.

*Transvaal* Die hoofbestuur van die Transvaalse Afdeling kom weer op 9 Maart a.s. op Meyerton bymekaar. Die voorsitter van hierdie komitee is mnr. van Vuuren van die Hoërskool Dr. Malan en die sekretaris is mnr. J. Venter, stadsklerk van Meyerton.

*Suidwes-Afrika* Belangstellendes in die Historiese Genootskap woonagtig in hierdie gebied, word verwys na mnr. B. J. Grobbelaar, Staatsmuseum, Posbus 1203, Windhoek.

*Agste jaarvergadering* Uitgenooi deur die plaaslike takkomitee sal die volgende jaarvergadering van die Transvaalse Afdeling vanjaar, moontlik in September, in Klerksdorp gehou word. Die voorsitter van genoemde takkomitee is mnr. G. de Korte, hoof van die Stilfonteinse Laerskool en die sekretaris mnr. le Roux van die Klerksdorpse Hoërskool.

*Persoonlik* Aan prof. A. N. Pelzer, hoofredakteur van *Historia*, word 'n vrugbare jaar van studieverlof gedurende 1963 toegewens. Prof. Spies neem hierdie jaar as hoofredakteur waar.

Twee persone wat van die beginjare aan die Historiese Genootskap verbonde is, is in die afgelope jaar tot professor bevorder. Hulle is dr. J. S. du Plessis en dr. F. J. du T. Spies van die universiteite van Potchefstroom en Pretoria onderskeidelik. Die Hoofbestuur wens hulle geluk met die bevordering.

*Samestelling van besture* Die sentrale Hoofbestuur het op sy vergadering van 22 September 1962 besluit dat een of twee lede van elke provinsiale bestuur, hoofbestuursvergaderings kan bywoon met volle stemreg, terwyl lede van takbesture dit in adviserende hoedanigheid kan doen. Die hoofbestuur het ook oorweeg om provinsiale besture en takkomitees te maan om hulle onderskeie liggame nie te groot te maak nie, want die praktyk het getoon dat groot liggame dikwels nie 'n kworum kan verkry nie en dan 'n vroegtydige dood sterf.